**SARS SKETS TOEKOMS VIR VOLGENDE ERA VAN BELASTINGADMINISTRASIE BY BELASTING-INDABA 2026**

**Tshwane, 14 September 2026** — Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het vandag sy koers vir die volgende era van belastingadministrasie uiteengesit. Die organisasie plaas vertroue, institusionele vermoë, modernisering en vennootskappe met belanghebbendes sentraal in sy strategie om nakoming te versterk en Suid-Afrika se fiskale toekoms te ondersteun. Die visie van ’n slim, moderne SARS met onbetwisbare integriteit wat deur almal bewonder word, is weereens deur die SARS Kommissaris, dr. Johnstone Makhubu, tydens sy hooftoespraak by die 13de jaarlikse Belasting-indaba in Sandton beklemtoon.

Kommissaris Makhubu het onder die tema “SARS en die volgende era van belastingadministrasie” gesê dat die invordering van inkomste steeds SARS se mandaat is, maar dat langtermynsukses daarvan afhang om ’n betroubare, bevoegde en volhoubare instelling te bou wat nakoming vergemaklik, nienakoming doeltreffend hanteer en op die veranderende behoeftes van belastingpligtiges en handelaars reageer.

Kommissaris Makhubu het beklemtoon dat SARS se sukses nie bloot aan inkomsteprestasie gemeet kan word nie.

“Die volhoubaarheid van inkomste gaan nie net oor *wat* ingevorder word nie, maar ook *hoe* dit ingevorder word. Dit berus op die vertroue, vermoë en diens wat volhoubare inkomste moontlik maak. ’n Inkomste-administrasie moet nie net beoordeel word op grond van wat dit invorder nie, maar ook op grond van hoe dit belastingpligtiges behandel, hoe dit optree en of dit die vertroue verdien van die mense wat dit dien.”

## BELANGHEBBENDES SE VERWAGTINGE EN GEREEDHEID VIR DIE TOEKOMS

Die toespraak volg op ’n omvattende proses waarin daar gedurende die kommissaris se eerste maande in die amp na belanghebbendes geluister is. Hoewel hierdie proses voortduur, het skakeling met belastingpligtiges, belastingpraktisyns, sakeverenigings, belanghebbendes in die regering, internasionale vennote en SARS-werknemers vier deurlopende verwagtinge uitgelig: billikheid, professionaliteit, responsiwiteit en vennootskappe wat ’n betekenisvolle impak het.

Kommissaris Makhubu het daarop gewys dat Suid-Afrika se belastingadministrasiestelsel steeds stabiel en veerkragtig is, maar gewaarsku dat toekomstige sukses aktief verseker moet word.

“Leierskap gaan nie daaroor om vandag se prestasie te vier nie, maar om môre se risiko’s te identifiseer en op te tree voordat dit beperkend raak. SARS se verantwoordelikheid is om vir die toekoms voor te berei voordat die toekoms aanbreek.”

## STRATEGIESE PRIORITEITE VIR DIE VOLGENDE ERA

Die aanbieding het SARS se vordering die afgelope paar jaar uitgelig, wat groei in inkomste-invordering, belastingpligtiges se vertroue, vrywillige nakoming, dienslewering en werknemerbetrokkenheid insluit. Kommissaris Makhubu het gesê hierdie vordering bied 'n grondslag waarop SARS 'n meer ambisieuse agenda kan nastreef wat daarop fokus om modernisering te versnel, terwyl die basiese beginsels korrek toegepas en die instelling se grondslag versterk word.

Die strategie berus deels op vier prioriteite: bekwame en etiese werknemers; versnelde modernisering; volhoubare befondsing; en sterker verhoudings regoor die belastingekosisteem.

Nog 'n sleutelprioriteit vir SARS is die bekamping van die onwettige ekonomie. Deur die regeringswye benadering onder leiding van die president se nasionale program vir die ontwrigting van die onwettige ekonomie, beoog SARS om onwettige bedrywighede wat billike mededinging ondermyn, werksgeleenthede bedreig en ekonomiese groei verswak, te ontwrig. Die organisasie gebruik tegnologie en gekoördineerde afdwinging om sy reaksie op bedrog, belastingontduiking en oorgrense finansiële misdaadsindikate te versterk.

## MODERNISERING 3.0

SARS Modernisering 3.0 staan sentraal in hierdie agenda en het ten doel om 'n intelligente belasting- en doeaneadministrasieplatform te bou wat deur data, outomatisering en kunsmatige intelligensie (KI) aangedryf word, met behoud van sterk bestuur en openbare aanspreeklikheid. Sleutelinisiatiewe sluit die modernisering van BTW, doeane en aksyns, intelligente saakbestuur, digitale identiteitsvermoëns en die gebruik van KI in om roetineprosesse en dienslewering te verbeter.

Terwyl hy die belangrikheid van tegnologie en aanpassing by veranderende eisstellings beklemtoon het, het Kommissaris Makhubu daarop gewys dat tegnologie nie mense vervang nie, maar 'n hulpmiddel is om beter uitkomste vir belastingpligtiges, handelaars en SARS-werknemers te bewerkstellig.

"Die toekoms van belastingadministrasie gaan nie oor mense teenoor tegnologie nie, maar oor mense en tegnologie wat saamwerk om nakoming makliker, dienste vinniger en afdwinging meer akkuraat te maak. Tegnologie moet menslike vermoë versterk, nie vervang nie."

Die kommissaris het ook SARS se langtermynstrewe uiteengesit om 'n omgewing te skep waarin nakoming deur digitale stelsels, betroubare data en intydse interaksies toenemend deel van ekonomiese bedrywighede word.

"Ons doel is eenvoudig: nakoming moet die natuurlike gevolg van deelname aan die ekonomie wees. Hoe makliker ons dit vir eerlike belastingpligtiges maak om hul verpligtinge na te kom, hoe doeltreffender kan ons fokus op diegene wat doelbewus kies om nie hul verpligtinge na te kom nie. Ons wil hê nakoming moet eenvoudig net gebeur."

## VENNOOTSKAP MET BELASTINGPRAKTISYNS

Kommissaris Makhubu het belastingpraktisyns direk toegespreek en 'n beroep gedoen op 'n nuwe vennootskap wat berus op 'n gedeelde verantwoordelikheid vir die integriteit van die belastingstelsel.

"Die verhouding tussen SARS en belastingpraktisyns moet verder ontwikkel as bloot transaksies en geskille. Ons het 'n gedeelde verantwoordelikheid om die integriteit van die belastingstelsel te beskerm, belastingpligtiges se ervaring te verbeter en vertroue in die oppergesag van die reg te versterk."

Die kommissaris het gesê die volgende hoofstuk van SARS moet sigbaar wees in die ervaring van belastingpligtiges en handelaars, deur beter diens, duideliker prosesse, vinniger afhandeling van geldige aangeleenthede en nouer skakeling met belanghebbendes. SARS sal voortgaan om platforms soos die Belasting-indaba te gebruik om idees uit te ruil, na bekommernisse te luister en saam met belanghebbendes te werk om belastingadministrasie te verbeter.

## TER AFSLUITING

Ter afsluiting van sy toespraak het Kommissaris Makhubu gesê Suid-Afrika se fiskale toekoms hang van 'n betroubare belastingadministrasie af wat deur bekwame mense, intelligente stelsels, volhoubare belegging en sterk vennootskappe ondersteun word.

"Inkomste is ons mandaat, maar vertroue is wat ons die reg gee om te funksioneer. […] Saam kan ons 'n belastingadministrasie bou wat die land nie net vandag dien nie, maar ook vir toekomstige geslagte."

*Die Belasting-indaba, wat deur die Suid-Afrikaanse Belastinginstituut by The Capital on the Park in Sandton aangebied word, bring belanghebbendes van regoor die belastingprofessie byeen om Suid-Afrika se fiskale posisie, ontwikkelings in belastingadministrasie en die rol van tegnologie in die bou van 'n belastingstelsel wat gereed is vir die toekoms, te ondersoek. Die driedaagse 2026-geleentheid word aangebied onder die tema "Van beperking tot kapasiteit: om fiskale ruimte in volhoubare hervorming te omskep".*

Vir verdere inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za**.**

**EINDE**